



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**DANSSTUDIES**

**2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

**NOTA VIR NASIENERS:**

- Hou streng by hierdie nasienriglyne wanneer nagesien word.

- Die standaardiseringsproses tydens nasienriglynbesprekings verseker dat die nasienriglyne die meeste moontlike antwoorde deur kandidate dek.

- Elke nasiener moet dit op konsekwente wyse toepas. Die nasienriglyne mag onder geen omstandighede verander word nie.

- In sommige kwalitatiewe vrae moet jy jou professionele en ingeligte oordeel uitoefen.

**Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-beamptes/-adviseurs nagesien word aangesien dit spesialiskennis vereis.**

- By sommige vrae het kandidate 'n keuse. Indien kandidate albei vrae beantwoord het, sien slegs die EERSTE vraag na. Trek 'n streep deur die vraag wat nie nagesien word nie.

- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie in die handboek verskyn nie. Professionele oordeel moet gebruik word. Indien daar onsekerheid is oor die inligting moet dit eers d.m.v. navorsing geverifieer word.

- Hoë, medium of lae kognitiewe vlakke wat in elke antwoord verwag word, word bo elke moontlike antwoord gegee. Hou streng by hierdie vlakke wanneer nasien. Die beskrywende werkwoord/opdragwoord in elke vraag en die taalvereistes moet die toeken van punte bepaal.

- Nasieners moet NIE volpunte vir 'n antwoord wat oppervlakkig en ontoereikend is, toeken NIE, of waar al die vereistes op 'n sekere moeilikheidsvlak nie nagekom is nie.

- Wees op die uitkyk vir wat die kandidaat weet, en nie vir wat hy/sy nie weet nie.

- Ken EEN regmerkie toe vir EEN punt vir die inhoud gegee tot by die maksimum punte.

**AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**

**VRAAG 1: DANSBESERINGS – VERPLIGTEND**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **1.1** | **Benoem** | **1 punt** |
| | **1.2** | **Verduidelik** | **1 punt** |
| **MEDIUM VLAK** | **1.3** | **Verduidelik** | **3 punte** |
| **HOË VLAK** | **1.4** | **Beskryf** | **5 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

1.1 **LET WEL: Kandidate mag enige EEN van die volgende beserings in die kniegewrig noem:**
- Ligament verstuiting
- Verrekking van spiere of senings
- Tendonitis
- Fraktuur van die been
- Skeur in die kraakbeen/meniskus
- Enige ander besering wat verband hou met die kniegewrig. (1)

1.2 **LET WEL: Kandidate moet slegs EEN letter van RYKE verduidelik. As meer as een verskaf word moet slegs die eerste een gemerk word. Vol sinne word vir die verduidelikings vereis.**
- **Rus** die beseerde kniegewrig om verdere besering te voorkom.
- **Sit ys** op die kniegewrig om swelling te voorkom en te verminder.
- **Kompressie** op die kniegewrig met 'n kousverband/rekverband om swelling in die kniegewrig te beperk.
- **Elevasie** van die beseerde kniegewrig voorkom swelling en help om vloeistof uit die area te dreineer. (1)

1.3 **LET WEL: Die antwoorde moet verband hou met die voorkoming van 'n besering in die kniegewrig. Kolpunte ('Bullets') word gebruik om nasien te vergemaklik.**
- **Kniebelyning;** die knie moet ten alle tye oor die middeltoon van die voet geplaas word.
- **Opwarming** kan die risiko van 'n besering verminder deur die kniegewrig te smeer en voor te berei om onnodige wrywing en verrekking te voorkom.
- Verrekking van die kniegewrig kan voorkom word deur met die korrekte belyning (knie oor die middel van die voet) te **land na 'n sprong.**
- **Die gebruik van die korrekte tegniek** gedurende dans sal die moontlike besering van die kniegewrig voorkom, deur die knieë te buig na 'n sprong om die skok te absorbeer.
- Die **korrekte uitdraai** vanuit die heupgewrig sal verrekking in die knieë voorkom.
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met hoe die gebruik van veilige danspraktyke kniegewrigbeserings kan voorkom. (3)

1.4 **LET WEL: Kandidate moet beide fisiese en geestelike aspekte oor hoe om aktief in die dansklas te bly beskryf om vol punte te kry. Meer inligting kan in een area as die ander geskryf word. Kolpunte ('Bullets') word gebruik om nasien te vergemaklik.**

**Fisiese aktiwiteite:**
- Doen **nie-gewigdraende-oefeninge,** bv. vloer barre, stoelklas om algehele krag en kernstabiliteit te behou.
- Doen spesifieke **nie-gewigdraende-oefeninge** op die vloer om geteikende spiere te versterk bv. opsitte, plank, ens**.**
- Doen armbewegings (*port de bras*) om krag en soepelheid van die bolyf te behou.
- Hou aan met **kalm strek oefeninge** om 'n vlak van algehele soepelheid te behou.
- Doen **oefeninge wat deur 'n fisioterapeut gegee is** om die gesond word proses aan te moedig en die beseerde area te versterk.

**Geestelike aktiwiteite:**
- Hou aan om klasse by te woon en **maak notas** in 'n boek van nuwe oefeninge en korreksies.
- **Merk die bewegings** terwyl jy op 'n stoel sit.
- **Visualiseer** die bewegings in jou gedagtes en pas dit by die musiek.
- **Stel doelwitte** om te verseker dat die gesondheidsproses op dreef bly en om die danser te motiveer om aan te hou werk aan die beseerde area.
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met hoe 'n danser fisiese en geestelik aktief in die dansklas kan bly, terwyl die genesing van 'n kniegewrigbesering plaas vind. (5)

**[10]**

**VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID – VERPLIGTEND**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **2.1** | **Definisie** | **3 punte** |
| | **2.2** | **Pas** | **2 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **2.3** | **Verduidelik** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **2.4** | **Ontleed** | **5 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

2.1 **MOONTLIKE ANTWOORDE VIR 'n DEFINISIE:**

2.1.1. **Kernstabiliteit:**
- Die krag van die abdominale- en ruggraatspiere om die liggaam effektief te ondersteun.
- Die krag wat jy in jou romp het (dit sluit in jou abdominele- en rugspiere). (1)

2.1.2 **Neuromuskulêre vaardighede:**
- Die brein stuur boodskappe na die spiere deur middel van die senuwees/senuweestelsel met 'n onmiddellike reaksie hoe om te reageer.
- Dit is iets wat geen konstante denke nodig het nie, maar wat outomaties gebeur, bv. spring, draai, ens. (1)

2.1.3 **Spieruithouvermoë:**

- Die kapasiteit van 'n spier of 'n spiergroep om vir 'n lang tyd te werk.
- Om veelvoudige sametrekkings uit te voer sonder om moeg te word. (1)

2.2 **VERSKAF NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE:**

2.2.1 Ratsheid (1)

2.2.2 Aanpasbaarheid (1)

2.3 **LET WEL: Die antwoorde moet VYF maniere verduidelik hoe 'n danser sy/haar kardiovaskulêre uithouvermoë kan verbeter. Antwoorde kan oefeninge binne en buite die dansklas insluit.**

- Om jou kardiovaskulêre fiksheid te vermeerder moet jy aan **aërobiese en bewegende oefeninge** werk wat die hartklop laat verhoog en die long kapasiteit laat ontwikkel. Dit is hoe die suurstof na die liggaam gestuur word, bv. galop, hardloop, ens.
- Kardiovaskulêre fiksheid kan deur **gereelde oefeninge** wat ten minste **twee hoofspiergroepe** soos die arms en die bene insluit, verbeter word.
- **Die hoeveelheid tyd** wat jy aërobiese tipe bewegings doen moet vermeerder soos jy fikser word – oorlaaibeginsel. Dit moet drie keer per week vir ten minste 15–20 minute gedoen word.
- Die **korrekte dieet en leefstyl** is belangrik. 'n Gebalanseerde dieet sal uitputting verminder en laat die liggaam toe om langer gedurende dansklasse te werk.
- **Swem** ten minste twee of drie keer per week om 'n konstante vloei van suurstof na alle dele van die liggaam te verskaf. Dit verhoed dat dansers gou uit asem raak.
- **Vinnig loop of draf** sal die longe sterker maak en die danser kan dieper asem haal en suurstof aan die longe verskaf sodat hulle teen hoër vlakke van ingewikkelheid kan optree.
- Enige ander geskikte antwoord wat beskryf hoe 'n danser kardiovaskulêre uithouvermoë/fiksheid kan verbeter. (5)

2.4 **LET WEL: Die kandidaat se antwoord moet ontleed watter fiksheidkomponente met die beeld verband hou. Al vyf komponente van fiksheid moet ingesluit word of kandidate kan oor slegs een uitbrei.**

- Ontwikkelde **spierkrag** dra daartoe by dat die beweging akkuraat uitgevoer word, want die danser se liggaam is daartoe in staat om meer ingewikkelde bewegings te beheer.
- Die onderste arm is sterk genoeg om die **gewig van die hele liggaam te dra.**
- **Kernkrag** help om die beweging te balanseer en te beheer.
- Die **krag van die bene** help om swaartekrag te weerstaan.
- **Soepelheid in die ruggraat** help met laterale fleksie van die romp.

- **Soepelheid in die enkelgewrig** stel die danser in staat om plantaarfleksie (tone te punt) uit te voer**.**
- **Soepelheid in die heupgewrig** help die danser met ekstensie van die bene in die posisie, so wel as om die bene uit te draai.
- **Kinestetiese bewustheid** laat die danser toe om sy liggaam in die korrekte posisie te plaas want hy is bewus dat al sy liggaamsdele ooreenstemmend met mekaar werk.
- Hy het die **ratsheid** om die koördinering van sy arms, bene en liggaam te gebruik om vinnig in die posisie in te kan beweeg.
- **Balansering –** hy het balans wat beteken dat hy goed ontwikkelde neuromuskulêre vaardighede het.
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met hoe komponente van fiksheid gebruik word om die posisie in die beeld hier onder te bereik. (5)

**[15]**

**LET WEL: Kandidate het 'n keuse tussen Vraag 3 en Vraag 4. Hulle moet slegs EEN van die twee vrae beantwoord. Sien slegs die EERSTE antwoord na indien beide beantwoord is. Trek 'n streep deur die vraag wat nie gemerk word nie.**

**VRAAG 3: SPIERE EN ANATOMIESE AKSIES - KEUSE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **3.1.1** | **Identifiseer** | **1 punt** |
| **MEDIUM VLAK** | **3.1.2** | **Beskryf** | **2 punte** |
| | **3.2** | **Verskaf** | **3 punte** |
| **HOË VLAK** | **3.3** | **Analiseer** | **4 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

3.1 3.1.1 Trapezius (1)

3.1.2 **LET WEL: Kandidate moet enige TWEE maniere beskryf hoe die Trapeziusspier 'n danser kan help om 'n goeie postuur en liggaamsbelyning in die dansklas te handhaaf. Hieronder is moontlike antwoorde.**

**Die Trapeziusspier help:**

- Depressie van die skouergordel om 'n verlengde nek te skep.
- Retraksie van die skouergordel om die bors oop te maak en te verhoed dat die skouers vorentoe hang.
- Die stabilisering van die skapula gedurende dansbewegings om te verseker dat die korrekte postuur en liggaamsbelyning gehandhaaf word.
- Enige ander geskikte antwoord wat beskryf hoe die Trapezius help om 'n goeie postuur en liggaamsbelyning te handhaaf. (2)

3.2 **LET WEL: Hieronder is voorbeelde van moontlike dansbewegings. Gebruik professionele oordeel wanneer punte toegeken word.**

3.2.1
- Enige beweging wat die buiging van die kniegewrig insluit, bv. *plié, retiré, attitude,* om 'n hurksit ('squat') te doen, 'lunging', ens. (1)

3.2.2
- Draai kloksgewys of antikloksgewys, bv. draai, tol in die rondte, *pirouette, ens.*
- Rotasie van die heupgewrig, bv. uitdraai, indraai van die been, *rond de jambe,* sirkel van die been, ens.
- Rotasie van die skouergewrig bv. windmeule, vorentoe rol van die skouer, ens.
- Rotasie van die gewrigte bv. Spaanse gewrigkrulle, ens.
- Enige ander aksies wat rotasie insluit. (1)

3.2.3
- Om die arm sywaarts weg van die middellyn te lig bv. gedurende *port de bras,* tweede posisie van die arms.
- Om die bene sywaarts te lig bv. deur die been na die kant te gooi, *grand battement a la second,* ens*.* (1)

3.3 3.3.1 **Verskaf enige TWEE anatomiese aksies:**
- Aksiale rotasie van die romp.
- Laterale fleksie van die romp.
- Fleksie van die romp. (2)

3.3.2 **LET WEL: Kandidate moet die hoofspiergroep wat verantwoordelik is vir die anatomiese aksie in die regter knie noem. Indien meer as een spier verskaf word, moet slegs die eerste een gemerk word.**

**Hoofspiergroep:**
- Agterdyspier (Hamstring) (1)

3.3.3 **LET WEL: Kandidate moet die hoofspiergroep wat verantwoordelik is vir die anatomiese aksie in die linker knie noem. Indien meer as een spier verskaf word, moet slegs die eerste een gemerk word.**

**Hoofspiergroep:**
- Quadriceps (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: ALGEMENE GESONDHEIDSORG – KEUSE

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **4.1.1** | **Waar of Onwaar** | **1 punt** |
| **MEDIUM VLAK** | **4.1.2 en 4.1.3** | **Waar of Onwaar** | **2 punte** |
| | **4.2** | **Verduidelik** | **3 punte** |
| **HOË VLAK** | **4.3** | **Ontleed** | **4 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

4.1 **LET WEL: Indien die kandidaat nie die korrekte stelling vir 'n 'onwaar' antwoord verskaf nie, moet geen punte toegeken word nie.**

4.1.1 Waar (1)

4.1.2 Onwaar:
- Moontlike korreksie:
  - 'n Danser se hoofbron van energie behoort uit komplekse koolhidrate verkry te word en behoorlike hidrasie wat in 'n gebalanseerde dieet ingesluit word. (1)

4.1.3 Onwaar:
- Moontlike korreksie:
  - Dehidrasie het 'n groot invloed op 'n danser se vermoë om te konsentreer/fokus gedurende klas, want die liggaam bestaan uit ongeveer 75% water. (1)

4.2 **Verduideliking van die belangrikheid van ontspanning tegnieke kan insluit:**
- Om spiere te ontspan na oefening om styfheid in die spiere te voorkom.
- Om na te dink oor wat geleer/bereik is gedurende danslesse.
- Om die spiere te ontspan voor/gedurende strekking om soepelheid te verbeter.
- Om ontslae te raak van stres/angs in jou gedagtes bv. meditasie sodat die danser behoorlik kan dink.
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met die belangrikheid van ontspanningstegnieke. (3)

4.3 **LET WEL: Kandidate moet kan ontleed hoe 'n gesonde leefstyl die danser se uitvoering kan bevoordeel. Gebruik professionele oordeel wanneer punte toegeken word. Hieronder is voorbeelde van moontlike antwoorde. Eenwoord-antwoorde sal geen punte ontvang nie. Kolpunte ('Bullets') word gebruik om nasien te vergemaklik.**

- **Goeie voeding** kan verseker dat 'n danser 'n sterk liggaam en immuunstelsel het. Dit kan beserings en siekte verhoed sodat die danser tot die beste van sy/haar vermoë kan optree.
- **Goeie hidrasie** is belangrik vir 'n danser se optrede, want dit help met volgehoue energie en konsentrasie.

- 'n **Positiewe selfbeeld** kan die danser se selfbeeld verhoog en help dat die danser met meer selfvertroue optree.
- Die danser se longe sal op hul beste funksioneer as hy/sy **nie te rook nie**. Dit het 'n direkte invloed op die danser se uihouvermoë.
- **Geen inname van drank of dwelms** kan die danser toelaat om te konsentreer en te fokus op instruksies en korreksies om veiligheid in die dansklas of op die verhoog te verseker nie.
- **Goeie slaap** laat die liggaam en gedagtes toe om te rus en te herstel.
- **'n Positiewe houding en die stel van doelwitte** laat jou toe om met fokus en 'n doel te werk.
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met hoe die handhawing van 'n gesonde leefstyl 'n danser se optrede kan bevoordeel. (4)

**[10]**

**VRAAG 5: DANSOPVOERING/-UITVOERING – VERPLIGTEND**

**MEDIUM VLAK Verduidelik 5 punte**

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**
**LET WEL: Kandidate moet verduidelik wat voor, gedurende en na 'n draai gebeur.**
**Kandidate moet die hoofdansvorm noem. Indien die kandidate nie die hoofdansvorm noem nie, moet punte toegeken word volgens die algemene draai tegnieke.**
**Gebruik professionele oordeel wanneer punte toegeken word.**

**Moontlike antwoorde wat volgens die hoofdansvorm ingesluit kan word:**
- Kop en oë gebruik ('spotting'): kandidate moet details verskaf.
- Hoe om die draai te begin/voorbereidings vir 'n draai
- Postuur en liggaamsbelyning in 'n draai: kandidate moet details verskaf.
- Voltooiing van 'n draai.
- Enige ander spesifieke details wat van toepassing is tot die dansvorm.

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

### VRAAG 6: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE – VERPLIGTEND

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **6.1** | **Kies** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **6.2** | **Verskaf** | **3 punte** |
| | **6.3** | **Verduidelik** | **3 punte** |
| **HOË VLAK** | **6.4** | **Mening** | **4 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

6.1 **Kandidate moet die korrekte antwoord in die blok kies.**

6.1.1. Duur (1)

6.1.2 Simmetrie (1)

6.1.3 Vlakke (1)

6.1.4 Krag (1)

6.1.5 Gebaar/motief (1)

6.2 **LET WEL: Kandidate mag verskillende antwoorde hê oor wenke vir saamdans/paarwerk, afhangend van wat hulle geleer is. Gebruik professionele oordeel wanneer die antwoord nagesien word. Sien slegs die eerste DRIE wenke na indien meer verskaf is. Alle wenke moet goed verduidelik wees. Kandidate mag in die negatief antwoord.**

**Moontlike wenke wat ingesluit kan word:**

- **Vertrou jou maat** – vertrou dat jou maat jou sal ondersteun in enige opligwerk of in pare saamdans. Vertroue is iets wat jy oor tyd ontwikkel. Jy moet eers jouself vertrou voordat jy iemand anders kan vertrou.
- **Respek** – toon baie respek teenoor jou maat se liggaam en moenie jou maat se liggaam op sensitiewe plekke of op 'n ongepaste manier aanraak nie.
- **Kleding** – vermy die dra van juwele of lospassende klere wat vasgevang kan raak en beserings veroorsaak. Indien jy lang hare het moet jy dit vasmaak.
- **Sentrering** – jou vermoë om jou kern sterk te hou sal jou laat gewigloos voel vir jou maat. Hou altyd jou abdominale spiere geaktiveerd, veral tydens opligwerk.
- Jy moet ook verseker dat **wanneer jy iemand oplig**, jy die stremming van jou rug afhaal deur jou knieë te buig en jou kernspiere te gebruik.
- **Kommunikeer** – jy en jou dansmaat moet met mekaar kan praat as iets nie reg uitwerk tussen julle nie. Jy moet jou opinie kan gee en saam werk om die probleem op te los. Gee kritiek wat eerlik en respekvol is. Erken mekaar se suksesse en ondersteuning mekaar se werk.

- **Veilige dansomgewing** – moet nie aan jou mededansers stamp, stoot of slaan nie. Wees bewus van aktiwiteite wat dalk beserings kan veroorsaak, bv. om op iemand se rug te staan, om gevaarlike opligwerk te probeer of om iemand opsetlik te laat val. Fokus op mekaar se veiligheid wanneer julle saamdanswerk doen.
- Enige ander geskikte antwoorde wat wenke verskaf aan iemand wat in pare wil saamdans. (3)

6.3 **LET WEL: Kandidate sal hulle eie verduidelikings hê oor die voordele van improvisasie, afhangend van wat hulle geleer is in die klas. Gebruik professionele oordeel wanneer die antwoord nagesien word. Sien slegs die eerste DRIE voordele na indien meer verskaf is. Alle voordele moet verduidelik word.**

**Moontlike antwoorde oor die voordele van improvisasie wat ingesluit kan word:**

- Kan gebruik word as 'n metode om danswerke te ontwikkel; danselemente en choreografiese strukture.
- Verbeter dansvermoë deur selfvertroue en kreatiwiteit te ontwikkel.
- Verbeter musikaliteit en interpretasie van verskillende musiekgenres deur middel van eksperimentering.
- Kan probleemoplossingsvaardighede ontwikkel deur middel van eksperimentering en spontaniteit van dansbewegings.
- Vergroot bewegingswoordeskat deur die skepping van nuwe bewegings en idees/meng van dansvorms, ens.
- Ontwikkel oorspronklike en opwindende idees/denkprosesse. (Om kreatief te dink) deur kanse te vat.
- Om met vryheid uitdrukking te kan gee sonder om bekommerd te wees oor tegnieke. Dit ontwikkel kreatiwiteit en self-uitdrukking.
- Enige ander geskikte antwoord wat die voordele van improvisasie verduidelik. (3)

6.4 **LET WEL: Kandidate sal hulle opinies hê oor hoe tegnologie die dansindustrie beïnvloed het. Gebruik professionele oordeel wanneer die antwoord nagesien word.**
**Alle antwoorde moet verduidelik word.**

**Moontlike antwoorde wat ingesluit kan word:**

- **Selfone –** kan gebruik word om enige plek dansfilms op te neem en maklik te deel. Dit kan die dansindustrie help uitbrei.
- **Die internet –** aflaai en oplaai van dansfilms maak toegang tot 'n verskeidenheid dansstyle makliker.
- **'Bluetooth' tegnologie –** luidsprekers met Bluetooth-funksie kan met 'n selfoon konnekteer en verskaf so in enige plek musiek om op te dans.

- **Programme/toeps(apps) –** Programme/toeps soos Shazam en Spotify, maak die opspoor van inligting en aflaai van musiek vinniger.
- **Produksielemente –** bv. LED ligte in kostuums, visuele/virtuele projeksies en effekte kan in modern danswerke gesien word.
- **Sosiale media –** sosiale platforms soos Facebook/Instagram, word gebruik om dansvertonings en kompetisies te adverteer.
- Enige ander geskikte antwoord wat 'n mening gee oor hoe tegnologie die dansindustrie beïnvloed het. (4)

**[15]**

## VRAAG 7: GESKIEDENIS VAN HOOFDANSVORM – VERPLIGTEND

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **7.1** | **Verskaf** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **7.2** | **Vergelyk** | **6 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **7.3 A** | **Motiveer** | **4 punte** |
| | | **OF** | |
| | **7.3 B** | **Verduidelik** | **4 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

7.1 **LET WEL: Kandidate moet die naam van elke loopbaan in 7.1.1 tot 7.1.5 verskaf.**

7.1.1 Uitvoerende kunstenaar/danser (1)

7.1.2 Verhoogbestuurder (1)

7.1.3 Bewegingsterapeut/dansterapeut/dansonderwyser (1)

7.1.4 Danskritikus/skrywer (1)

7.1.5 Choreograaf/artistiese regisseur (1)

7.2 **LET WEL: Kandidate moet TWEE verskillende dansvorms insluit waarvan een Afrika-dans MOET wees. Hier onder is 'n voorbeeld van moontlike antwoorde wat die kandidate kan voorsien en 'n tabel word gebruik om nasien te vergemaklik. Kandidate mag in enige formaat antwoord. Ooreenkomste en/of verskille mag ingesluit word. Alle vergelykings moet volledig verduidelik word. Antwoorde wat nie volledig verduidelik is nie mag daar nie volpunte toegeken word nie, bv. as 7.2.1 nie volledig in al twee dansvorms verduidelik is nie, moet EEN punt toegeken word.**

| | Ballet | Afrika-dans | |
|---|---|---|---|
| 7.2.1 | **Musiek/begeleiding:**<br>• Talle balletwerke se musiek is spesifiek deur klassieke komponiste van daardie era vir 'n groot orkes gekomponeer.<br>• Die instrumente wat gebruik word in klassieke musiek bestaan uit handgemaakte spesifieke instrumente, bv. klarinet, tromboon, viool, ens.<br>• Sommige modern balletwerke maak gebruik van gewilde/populêre musiek<br>• Enige ander geskikte anrtwoord | **Musiek/begeleiding:**<br>• Dromme, hande klap, voete stamp, liggaamsperkussie, stem om mee te 'ululate', fluit en sang word die begeleiding vir die bewegings/danse. Inheemse instrumente, enkelratels, boë, ens. word gemaak van natuurlike materiale wat gevind word in die omgewing/natuur.<br>• Gewilde Afrika-danse soos Pantsula, Kwaito, ens. maak gebruik van populêre Afrika-musiek gesing deur lewendige of opgeneemde groepe.<br>• Enige ander geskikte antwoord | (2) |
| 7.2.2 | **Kostuums/kleredrag**<br>• Balletdansers dra versierde kostuums, balletkouse, balletskoene of puntskoene.<br>• Die kostuums help gewoonlik om die storie te vertel, bv. die swart swaan teenoor die wit swaan; die dorpsmeisie in Giselle teenoor die koninklikes, ens.<br>• Enige ander geskikte antwoord | **Kostuums/kleredrag**<br>• Dansers dra tradisionele uitrustings, bv. krale, lendelappies, vere, dierevelle, ens.<br>• Uitrustings dra simboliese betekenis wat verwant hou met die spesifieke ritueel en verander nie met die tyd nie. Dit dra betekenis, bv. kleure, patrone, ontwerpe, rekwisiete, ens.<br>• Enige ander geskikte antwoord | (2) |
| 7.2.3 | **Geslags-spesifieke rolle**<br>• Tydens saamdanswerk lig die mans die vrouens op.<br>• Daar is spesifieke dansbeweings wat slegs die manlike of die vroulike dansers doen, bv. *fouette rond de jambe en pointe* gedoen deur die vrouens en trippel *tours en l`air* gedoen deur die mans, ens.<br>• Enige ander geskikte antwoord | **Geslags-spesifieke rolle**<br>• Mans en vrouens het gewoonlik spesifieke danse wat slegs die mans of die vrouens doen, bv. mans sal spesifieke danse doen soos die jag/vegter rituele en die vrouens sal die fertiliteitsdanse doen soos Domba; die Rietdans.<br>• Enige ander geskikte antwoord | (2) |

**LET WEL: Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 7.3A en VRAAG 7.3B. Indien beide beantwoord is, moet slegs die eerste antwoord nagesien word.**

7.3A **LET WEL: Kandidate moet die voordele wat kliënte kan geniet deur deel te neem aan dansklasse by die gimnasium motiveer. Hulle kan in detail antwoord oor een voordeel of antwoord oor verskillende voordele. Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik. Moontlike antwoorde kan insluit:**

- **Uitdrukking:** Kliënte kan groot voordeel trek uit die geleentheid om hulself op 'n prettige en anderse manier uit te druk.
- **Fiksheid:** Baie kliënte kan verveeld raak met hulle gewone fiksheidsroetine. Hierdie dansklasse kan die geleentheid bied om op 'n prettige en interessante manier fiks te bly.
- **Nuwe/verbeterde vaardighede:** kliente kan vaardighede soos balans en koördinasie ontwikkel deur neuromuskulêre vaardighede te ontwikkel.
- **Selfbeeld:** Kliënte mag voel dat hulle iets bereik of hulself verbeter deur die deelname aan die dansklasse en kan so hulle selfvertroue verbeter.
- **Terapie:** Kliënte se vlakke van angs/depressie kan verlaag word, omdat endorfiene gedurende oefening vrygestel word.
- **Kreatiwiteit:** Kliënte kan deur die gebruik van interessante patrone/rigtings/vorms terwyl hulle dans hul kreatiwiteit aanwakker.
- **Sosiaal:** Kliënte kan 'n groter bewustheid van ander kulture ontwikkel deur saam met 'n uiteenlopende groep mense te dans en van daardie kulture se dansbewegings te doen.
- Enige ander geskikte antwoord wat verband hou met die funksies van dans wat kliënte in 'n gimnasium dansklas kan bevoordeel. (4)

**OF**

7.3B **LET WEL: Kandidate kan baie verskillende antwoorde verskaf hoe dans en musiek mekaar komplementeer in 'n dansopvoering. Maak van professionele oordeel gebruik in die nasien van die vraag.**
**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

- Dansbewegings word gereeld deur die danser se emosionele reaksie tot die musiek gelei.
- Die ritmes in musiek help om groeperings/keuses van dansbewegings te bepaal.
- Musiek skep 'n atmosfeer wat tot die dinamika van jou dansuitvoering bydra.
- Musiek/begeleiding het die vermoë om 'n groep dansers te verenig omdat hulle dieselfde tempo/ritme/melodie, ens. gelyktydig hoor. Dit laat hulle toe om as een/in unisoon te dans.
- Musiek kan bewegingstyle, ritme en energie beïnvloed. Die verskeidenheid van dansstyle is as gevolg van die diversiteit van musiek wat deesdae beskikbaar is.

- Choreograwe gebruik soms dans om die musiek uit te beeld en dit sigbaar te maak, bv. die klassieke ballet, Swanemeer.
- Musiek kan soms gebruik word om die agtergrond toneel te skep. Dit beteken dat klanke gebruik word om 'n atmosfeer te skep en om 'n plek voor te stel of konteks te gee – veral as die danser probeer om 'n storie te vertel.
- Die bewegings pas nie altyd by die ritme of dinamika nie. Jy kan toelaat dat die musiek bydra tot jou dans in plaas daarvan om dit te oorheers.
- Die danser kan ook teen die musiek ingaan om 'n stelling te maak.
- Enige ander geskikte antwoord wat verduidelik hoe dans en musiek mekaar komplementeer. (4)

**[15]**

**VRAAG 8: CHOREOGRAAF – VERPLIGTEND**

| | | |
|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **Herroep** | **1–3 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **Verduidelik/beskryf** | **4–7 punte** |
| **HOË VLAK** | **Skep (formaat)** | **8–10 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE VIR ARTIKEL:**
**Dit word van die kandidaat verwag om die feite van die danswerk in 'n artikelformaat weer te gee.**

**Indien die kandidaat die feite sonder enige artikelformaat weergee, bv. deur kolpunte te gebruik, mag 'n maksimum van 6 punte vir korrekte feite toegeken word.**

**Gebaseer op die INTELLEKTUELE KWALITEIT van die antwoord, moet die rubriek wat verskaf is gebruik word om vas tel stel op watter kognitiewe vlak die antwoord is.**

| | |
|---|---|
| **HOË VLAK**<br><br>**8–10** | **KANDIDATE TOON IN DIEPTE INSIG:**<br>• Antwoord is in artikelformaat.<br>• Die naam van die choreograaf is verskaf.<br>• Feite wat interessant/van toepassing op die choreograaf se lewensstorie is.<br>• Die bydrae wat die choreograaf tot die dansindustrie en/of samelewing gemaak het/. die toepaslikheid/belangrikheid van die choreograaf.<br>• Alle aspekte is goed geskryf. |
| **MEDIUM VLAK**<br><br>**4–7** | **KANDIDATE TOON BIETJIE INSIG:**<br>• Artikelformaat is gedeeltelik/glad nie gebruik nie.<br>• Die naam van die choreograaf is verskaf.<br>• Bietjie feite wat interessant/van toepassing op die choreograaf se lewensstorie is.<br>• Die bydrae wat die choreograaf tot die dansindustrie en/of samelewing gemaak het.<br>• Sommige aspekte is goed geskryf. |
| **LAE VLAK**<br><br>**1–3** | **KANDIDATE TOON MINIMALE/GEEN INSIG:**<br>• Geen formaat<br>• Die naam van die choreograaf is verskaf.<br>• Minimale/geen kennis van die choreograaf se lewensstorie.<br>• Minimale/geen kennis van die bydrae wat die choreograaf tot die dansindustrie en/of samelewing gemaak het.<br>• Swak geskryf. |

**VRAAG 9: VOORGESKREWE DANSWERK – VERPLIGTEND**

| | | |
|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **Herroep** | **1–6 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **Verduidelik/beskryf** | **7–13 punte** |
| **HOË VLAK** | **Evalueer en skep (beweging en formaat)** | **14–20 punte** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE VIR 'n OPSTEL:**
**Dit word van die kandidaat verwag om die feite in 'n opstelformaat weer te gee. Indien die kandidaat die feite sonder enige opstelformaat weergee, bv. deur kolpunte te gebruik, mag 'n maksimum van 12 punte vir korrekte feite toegeken word.**

**Gebaseer op die INTELLEKTUELE KWALITEIT van die antwoord, moet die rubriek wat verskaf is gebruik word om vas tel stel op watter kognitiewe vlak die antwoord is.**

| | |
|---|---|
| **HOË VLAK**<br><br>**14–20** | **KANDIDATE TOON IN DIEPTE INSIG:**<br>• Antwoord is in opstelformaat.<br>• Naam van die danswerk.<br>• Oorsig/tema/inspirasie van die danswerk is verduidelik.<br>• Musiek/begeleiding en hoe dit tot die danswerk bygedra het.<br>• Simboliek en/of bedoeling kan insluit:<br>  o Produksie elemente, bv.:<br>    ▪ Kostuums en simboliese betekenis.<br>    ▪ Beligting en effekte/gevoelens/emosies wat geskep is.<br>    ▪ Stelontwerp/rekwisiete wat 'n spesifieke toneel/plek/gevoel skep.<br>  o Samelewing, politiese bewusmaking, opvoeding, ens. is verduidelik.<br>• Bewegingswoordeskat en simboliese betekenis wat emosies oordra, die storie vertel, ens. is verduidelik.<br>• Alle aspekte van die danswerk en hoe om krities te ontleed is aangedui. |
| **MEDIUM VLAK**<br><br>**7–13** | **KANDIDATE TOON BIETJIE INSIG:**<br>• Antwoord is in opstelformaat.<br>• Naam van die danswerk.<br>• Oorsig/tema/inspirasie van die danswerk is ingesluit.<br>• Musiek/begeleiding is ingesluit.<br>• Simboliek en/of bedoeling kan insluit:<br>  o Produksie elemente, bv.:<br>    ▪ Kostuums en simboliese betekenis<br>    ▪ Beligting en effekte/gevoelens/emosies wat geskep is<br>    ▪ Stelontwerp/rekwisiete wat 'n spesifieke toneel/plek/gevoel skep.<br>  o Samelewing, politiese bewusmaking, opvoeding, ens. is ingesluit.<br>• Bewegingswoordeskat en simboliese betekenis wat emosies oordra, die storie vertel, ens. is ingesluit. |
| **LAE VLAK**<br><br>**1–6** | **KANDIDATE TOON MINIMALE/GEEN INSIG:**<br>• Geen formaat.<br>• Naam van die danswerk.<br>• Minimale/geen kennis van die oorsig/tema/inspirasie van die danswerk nie.<br>• Minimale/geen kennis van die musiek/begeleiding wat gebruik is nie.<br>• Minimale/geen kennis van simboliek en/of bedoeling nie.<br>• Minimale/geen kennis van bewegingswoordeskat nie. |

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**